

Maleagi:

Ek het julle lief! Waar is My eer?

Wat verwag jy
wanneer
die HERE kom?



WAT VERWAG JY WANNEER DIE HERE KOM?

Liewe broer, liewe suster

Wat verwag jy gaan gebeur wanneer die Here kom?

Ja, wanneer Here Jesus terugkom, wat gaan met jou gebeur?

Dis die reguit vraag vanoggend, geliefdes:

Wat verwag jy wanneer die Here kom?

WEES EERLIK: WAAR STAAN JY REGTIG MET HERE?

Maleagi - die Here se boodskapper - gesels ernstig met die Here se kinders:

- Want die Here se volk, Israel, het die Here se genade indringend beleef.
- Hulle is terug uit ballingskap ... weer in hul eie land.
- Hulle het gehoor hoe die Here diep-innig vir hulle sê:

Ek het julle lief!

- Maar hulle het ook beleef hoe die Here reguit vir hulle vra:

Het julle MY lief?

- En toe het die Here sommer reguit vir hulle gesê:

Julle het My nie voluit lief nie ... want julle eer My nie!

- Prakties het die Here dit met drie voorbeelde uit hul lewe bewys:
 - Hulle offers was van 'n swak kwaliteit;
 - Die priesters het die volk weggelei van die Here af; en
 - In die mense se huweliksewige is die Here net kant toe geskuif.
- Daarom het die Here hulle ook indringend gesmeek:

Kom tot inkeer: EER My voluit!

Nou moet Maleagi verder met die Here se kinders gesels ...

En die hartseer is:

Hy moet vir hulle vertel dat daar drie groepe onder hulle is!

- Ja, daar is van hulle, van die Here se kinders, wat diep gelowig is.

- En dan is daar van hulle wat hul rug totaal op die Here gedraai het en nie meer in Hom glo nie, niks meer met Hom te doen wil hê nie.
- Maar daar is ook 'n groot tussen-in-groep ... van wie jy nie seker is of hulle aan die Here se kant of teen die Here is nie.

Die Here verwys na hierdie tussen-in-groep, groep 3, juis in vers 17, wanneer Hy hulle eie woorde aanhaal:

Julle sê:

Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle.

Julle vra:

Waar is die God wat reg moet laat geskied?

Aan die een kant stel groep 3 dus dat daar **goeie mense** is:

- Ja, daar is mense wat mens is soos die Here dit wil.
- Hulle het na die Here teruggekeer en leef saam met Hom!
- Hulle eer die Here, respekteer Hom, ag Hom regtig waardevol!

Maar dan is daar ook volgens groep 3 **al die mense wat verkeerd doen**:

- Ja, daar is mense wat hul eie pad stap ... weg van die Here af.
- Hulle leef in die skadu en onder invloed van die bose.
- Hulle minag die Here terwyl hulle hulself oorskat!

En die belangrike is:

Groep 3 wil nie deel wees van die mense wat verkeerd doen nie

- Née, hulle staan negatief teenoor die kwaaddoeners.
- En juis daarom ontwikkel hulle 'n probleem met die Here.
- Want vir hulle gevoel staan die Here eerder aan die kant van die mense wat verkeerd doen as aan die kant van mense wat goed doen.
- Hulle voel dat die Here hou van die mense wat stout is,
- En hulle voel so omdat – volgens hulle – die Here die stout mense nie straf nie.
- Inteendeel, die Here seën die stout mense ... laat dit met hulle goed gaan!

Sien jy wat kry ons by groep 3?

- Hulle sê dat hulle van die regte dinge hou.
- Daarom hou hulle ook nie van mense wat verkeerd doen nie.
- Maar ... en dis die groot probleem met groep 3 ...

*Hulle begin met die Here self 'n probleem ontwikkel en
daarom begin hulle van die Here self wegstap.*

- Jy hoor dit duidelik in hoofstuk 3 vers 14:

Julle het gesê: Dit is nutteloos om God te dien.

Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het ...

- Ja, groep 3 se mense is op die punt om van die Here weg te stap ... en deel van groep 2 te word ...

omdat hulle nie van die Here se manier van doen hou nie.

- So ... aan die een kant lyk dit asof hulle die Here nog dien.
- Maar ... met hulle harte is hulle (nie meer) by die Here nie.

Oor groep 3 moet jy dus sê:

Hulle gaan wel kerk toe ... en hulle praat baie oor alles wat verkeerd is ...

MAAR ... jy is nie seker of hulle deel van die Here se kinders is of nie!

Hulle glo wel in Jesus ...

MAAR ... jy is nie seker of hulle regtig uit Jesus alleen leef nie.

En dit maak die Here *moeg*, geliefdes:

- Ja, groep 3-mense teister die Here.
- Groep 3-mense put die Here verskriklik uit en maak Hom baie hartseer.
- Want die Here het hulle juis lief.
- En aan die een kant sê hulle dat hulle Hom ook lief het.
- Maar aan die ander kant betwyfel hulle die Here en minag hulle die Here.

Die groot vraag is dus:

Waar staan hulle REGTIG met die Here?

Dis die kernvraag wat ook na jou en my nou kom, geliefdes:

Waar staan jy en ek regtig met die Here?

- Is ek deel van groep 1 ... wat voluit op Jesus staat maak en Hom alleen volg?
- Of is ek deel van groep 2 ... wat glad nie in Jesus belangstel nie?
- Of ek is deel van groep 3 ... wat sê dat ek in Jesus glo ... maar eintlik is my hart nie voluit by die Here Jesus nie?

Waar staan jy regtig met die Here, broer, suster ...

Wees baie eerlik vanoggend, sê die Here!

WANNEER HERE KOM ... IS DIT OOK GEVAARLIK!

Hoekom?

Hoekom is dit belangrik om vanoggend baie eerlik met jouself te wees, geliefdes?

Want ... in hoofstuk 3 sê die Here:

Ek, die Here, is self op pad na jou toe.

Ja, Ek, die Here, is aan die kom.

Hieroor sou Israel baie opgewonde gewees het:

- Want Israel het uitgesien na die sogenaamde *Dag van die Here!*
- Ja, die Here se kinders het met hierdie verwagting geleef:
 - Ons Here gaan na ons toe kom.
 - En dan gaan dit goed wees vir ons.
 - Want as die Here by ons is, dan help Hy mos vir ons, sorg Hy vir ons!
- En om nou deur Maleagi te hoor dat die Verbondsengel gaan kom, dis wow:
 - Want die Here het in Moses se tyd al gesê en beloof:

Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou uit

om jou op die pad te beskerm en

jou na die plek toe te bring wat Ek vir jou reg gemaak het.

- En in die woestyn het die Engel van die Here voor Israel uitgetrek elke dag en agter hulle kom staan toe Farao hulle by die Rooi See wou vang.
- Ja, die Here se Engel het vir Israel die stryd gestry!

- So om nou te hoor dat die Here self gaan kom, dat sy Verbondsengel gaan kom ... dit kan net goed wees!
- Dis soos ons dikwels oor Jesus se terugkoms ook dink, geliefdes:
 - Wanneer Jesus gaan kom ... dan word dit hemel op aarde.
 - Dan is al die swaar en moeite en pyn weg.
 - Dan gaan dit net goed gaan en gaan ons net bly en opgewonde wees!

Maar is dit die waarheid, geliefdes?

Is die Here se koms, Jesus se terugkoms, net goed vir jou?

Maleagi moet Israel ontnugter:

*Maar wie kan die koms van dié Engel verdra,
wie kan standhou wanneer Hy verskyn?*

- Ja, wanneer die Here self na sy volk kom en sy Engel kom ... dan is dit nie net rosegeur en maneskyn nie!
- Inteendeel ... wie kan dit hanteer as die Here opdaag en self teenwoordig is?
- Watter mens kan voor die Here bly staan wanneer Hy teenwoordig is?
- Die antwoord op hierdie vraag is eintlik: *Niemand nie!*
- Is dit nie juis wat die Here self vir Moses sê nie?

Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.

- Die Here is net te groots, te heilig, te God ... vir ons om voor Hom te kan leef!
- Daarom is die dag wanneer die Here kom dus nie net 'n dag van geluk en vrede en gemak en opgewonde wees nie.
- Née, eintlik is dit gevaarlik, uiters gevaarlik, wanneer die Here kom!

En dis veral gevaarlik vir groep 3, geliefdes, want ... soos vers 2 verder stel:

*Hy (die Here) is soos die vuur van die smelters
en soos die seep van die wassers.*

- Ja, wanneer die Here kom, dan gaan Hy die mensdom suiwer, skoonmaak.
- Hy gaan die yster uit die erts uitbrand.
- Hy gaan al die vuil uit die klere uitwas.

- Hy gaan net die yster, net die skoon klere laat oorbly.
- So ja, al die groep 2-mense, die ongelowiges, gaan weggebrand word.
- Maar die belangrike vanoggend is:

Die hele groep 3 gaan ook gesuiwer word, skoongewas word.

- En vanuit groep 3 gaan net dié mense oorbly wat suiwer is, wat skoon is.
- In groep 3 gaan daar 'n enorme skeiding kom juis wanneer die Here terugkom!

En aan die een kant sal jy dit nie verwag nie ...

- Want is groep 3 dan nie kerk-mense nie?
- Is Groep 3-mense dan nie mense wat bekommerd is oor al die onreg en misdaad en geweld en sonde nie?
- Maar tog kom daar 'n groot skeiding ... juis in Groep 3 ...

Hoekom?

- Want die Here kom as Koning en tree op as Regter.
- As Regter suiwer Hy die Leviete.
- As Regter sorg Hy dat net dié mense oorbly wie se harte by Hom is.
- As Regter brand Hy uit, was Hy weg – soos vers 5 dit stel:

*hulle wat hulle met toordery ophou,
die egbrekers en dié wat vals ede aflê,
dié wat die dagloner te kort doen,
die weduwee en die weeskind veronreg en die vreemdeling verdring,
dié wat nie vir Hom eerbied het nie.*

***As Regter laat die Here net oorbly
hulle wat uiteindelik deel is van groep 1!***

Deur Maleagi waarsku die Here dus veral groep 3-mense ... wat sê dat hulle deel van die kerk is, maar hulle harte is nie by die Here nie:

- Ek kom terug.
- En wanneer Ek terugkom kan dit vir jou baie gevaarlik wees!
- Want Ek kom die mensdom skoonbrand, skoonwas.

- Ek kom groep 1 en 2 van mekaar skei.
- Daarom gaan baie groep 3-mense diep ontnugter wees.
- Hulle mag dink hulle dien My ... want hulle hou mos nie van die bese nie.
- Hulle mag dink hulle is ok ... want hulle is mos kerk-mense.
- MAAR ... hulle is nie by My nie, hulle harte is nie by My nie ...
- Daarom is juis vir hulle die dag wanneer Ek kom geweldig gevaarlik!
- Want hulle mag hoor wat die mense hoor wat vir Jesus sê dat hulle in sy naam gepreek en bese geeste uitgedryf en wonders gedoen het:

Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af ...

- Hulle mag hoor wat vyf van die meisies in Jesus se gelykenis gehoor het:

Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!

Dis die Here se woorde:

Wees gewaarsku: Wanneer die Here kom, is dit gevaarlik!

MAAK NOU SEKER DAT JY WERKLIK BY HERE IS!

Nou waarsku die Here ons nie om ons moedeloos en bang te maak en as't ware net te laat weghardloop nie, geliefdes!

Néé, die Here se waarskuwings het altyd 'n positiewe doel ... en dit moet ons ook weer hier in Maleagi 3 raak-sien en raak-hoor geliefdes!

Want in vers 6 sê die Here juis:

Ek, die Here, het nie verander nie,

daarom het julle nie te gronde gegaan nie, nageslag van Jakob.

- Ja, dis 'n vers wat mens amper dink hier sommer net so op sy eie staan.
- Maar tog dui dit die onbeskryflike genade van die Here aan.
- Want eintlik moes die Here Israel lank al verwoes het.
- Eintlik moes die Here lankal Israel net skoongebrand en skoongewas het ... en dan sou niemand oorgebly het nie.
- Maar die Here het dit nie gedoen nie.

- Want ... die Here is trou aan Homself.
- Die Here is trou aan sy liefde.
- Ja, die Here bly by wat Hy van die begin af gesê het: *Ek het julle lief!*

En dis hierdie troue liefde wat maak dat die Here juis genade-tyd gee voordat Hy terugkom:

- Dis hoekom die Here in vers 1 sê dat Hy eers sy boodskapper, 'n mens ... mense stuur voordat Hy self kom!
- En wat moet hierdie mense doen?

Hulle moet die pad gelyk maak.

- Ja, hulle moet al die slaggate, al die klippe wegvat, al die probleme, al die sonde, al die wegstap vanaf die Here ... by sy kinders wegvat!
- Die Here stuur dus boodskappers, profete, Woordbedienaars, om juis groep 3 mense wakker te skud en te sê:

Maak seker dat jy nie oorloop na groep 2 nie.

Maak seker dat jy nie voluit wegstap van die Here nie.

Néé, maak eerder seker dat jy terugkom by groep 1.

En dis hoekom die Here dan juis ook in vers 7 verder sê:

Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe

- Bekeer julle ...
- Groep 2-mense ... ja, kom tot bekering, tot inkeer ... begin glo in My!
- Maar veral julle groep 3-mense ... julle wat met julle een voet deel van my kerk is ... maar met julle ander voet van My af wil wegstap ... bekeer julle!
- Kom terug na My alleen toe!
- Los al die vrae oor My en al die twyfel oor My en al die fokus op jouself.
- Gee aan My die eer wat My toekom ... voluit!
- Vertrou op My ... voluit!
- Leef uit My alleen ... voluit!

Ja, bekeer julle tot My!

***So sê die Here dus juis dat dit gevaarlik is wanneer Hy terugkom ...
sodat mense betyds sal terugdraai na Hom toe!***

Daarom gee die Here weer 'n praktiese voorbeeld waaraan jy jouself kan toets:

- Hoe hanteer Israel hul tiendes?
- Bring hulle die eerste lammetjie wat gebore word na die tempel toe?
- Bring hulle die eerste deel van die oes na die tempel toe?
- Doen hulle dit elke jaar ... al is daar ekonomiese probleme?
- Doen hulle dit ook elke derde jaar ... soos die Here duidelik voorgeskryf het?
- Gee hulle dus op 'n praktiese manier aan die Here die eer wat Hom toekom?
- In ons terme vandag sal mens dus enersyds in terme van Romeine 12 vra:

*Gee jy jouself – met jou hele lewe en alles wat jy het –
aan die Here as 'n lewende dankoffer?*

- Maar ons kan vandag ook vra:

Gee ek regtig om vir die arme en die weduwee en die weeskind?

Help ek regtig met die kollekte elke week die mense in nood?

En ... gee ek elke maand my kerklike bydrae?

Ja, ongeag van hoe my finansies die maand lyk ... dra ek finansieel by?

- En ons kan vra:

Gee ek die tyd wat die Here vir my gee?

Gebruik ek die gawes waarmee die Gees my toerus?

Is ek diensbaar in die Here se gemeente en in sy koninkryk?

Of is ek eintlik net besig om myself te dien?

- Dis 'n praktiese vraag, geliefdes, om jouself te toets of jy nie dalk deel van groep 3 is nie ...

met die een voet deel van die kerk ...

maar met die ander voet besig om van die Here af weg te stap ...

Wees gewaarsku ... sê die Here.

Kom tot inkeer ... sê die Here.

En onthou:

- Daar is altyd genade ... ALTYD!
- Ja, toets maar die Here ... en gee Hom wat Hom toekom – al is jy finansieel in die nood ... Hy sal vir jou sorg!
- Sien raak hoe die Here sy oordeel in die tyd - die sprinkaanplaag in Israel se tyd - stopsit ... wanneer jy jou voluit aan die Here toevertrou en Hom alleen eer!
- Beleef dat jy dan gelukkig gaan wees, geseënd gaan wees ... selfs wanneer die Here kom!
- Want dan gaan jy saam met Hom kan leef ... omdat jy uit Hom alleen leef en vir Hom alleen leef!
- Ja, in Jesus is daar genade-op-genade ... vir elkeen wat Hom aan Jesus toevertrou!
- Maar 'n toevertrou aan Jesus vra nie een been by Jesus en die ander een weg van Jesus af nie.
- Née, 'n toevertrou aan Jesus beteken:

Ek verwag alles van Jesus.

Ek leef net uit Jesus.

Geliefdes:

Wat verwag jy gaan met jou gebeur wanneer ons Here Jesus terugkom?

As jy die vraag wil beantwoord, wees eerlik oor die vraag:

Is ek deel van groep 1 of groep 2 of groep 3?

En as die Gees jou oë oopmaak om raak te sien dat jy deel van groep 2 of 3 is:

Kom tot inkeer!

Moenie jouself sus met die gedagte: Ek is darem deel van die kerk nie.

Née, maak NOU seker dat jy werklik by die Here Jesus is!

En onthou daarom die waarskuwing:

Wanneer die Here kom, is dit ook gevaarlik ...

vir almal wat nie met albei hul bene, voluit by Jesus is nie!

Mag die Gees deur sy Woord dit so in jou en my werk dat ons regtig met oorgawe kan uitsien na Jesus se terugkoms ... omdat ons veilig is **in en by en deur** Jesus!

Kom ons sing ... Skrifberyming 1-3 ...